

Inhoud Hierdie preek wys dat alle mense God ken vir sy krag en wysheid waarmee Hy besig is om sy skepping, te maak, te bestuur en te onderhou. Hierdie kennis is nie tot enkele geestelikes of slimmes beperk nie. God se liefde deel Hy nie met elkeen nie. Dit stort Hy net in sy kinders se harte uit. Wanneer ongelowiges God se krag en wysheid in alles wat Hy gemaak het, raaksien, wil hulle God se krag en wysheid hulle eie krag en wysheid maak. Geestelikes wil God se krag kry om net soos God wonderwerke te doen en slimmes wil die kragte waarmee Hy sy skepping bestuur, lewenskrag, atoomkrag, swaartekrag, magnetiese en elektriese krag, ook hulle eie kragte maak. Gelowiges wil nie God se krag hul eie krag maak nie. Hulle sien God se liefde vir sy skepping raak en eer Hom vir die liefdevolle wyse waarop Hy alles maak en onderhou. Hulle sien God is lief vir sy skepping net soos vir hulle as sy kinders.

Skriflesing Rom. 1: 18 – 23; 1 Kor. 1: 3 – 8; Gal. 4: 3 -7; 1 Joh. 4: 9 – 10.

Teks Gal. 4: 7 Jy is dus nie meer 'n slaaf nie, jy is nou 'n kind van God.

Tema God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

1. Twee maniere om God te ken!

Mense kan God ken deur die krag wat Hy wys in sy skeppingswerke en mense kan God deurdat Hy hulle in sy liefde laat deel. Hierdie twee maniere om God te ken, wys Paulus uit in twee tekste. In Rom. 1: 20 “Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is.”, wys hy hoe alle mense God ken. In Rom. 5: verse 5 -8 wys Paulus ons hoe sy kinders God ken: “God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.”

Twee maniere om God te ken: deur die wyse waarop die krag en wysheid van elke skeppingwerk van die Here getuig en deur die liefde wat Hy in ons harte uitgestort het.

2. Wat is die verskil in hierdie twee maniere om God te ken?

Paulus gebruik in Galasiërs 4 vers 7 'n voorbeeld om die verskil in hierdie twee wyses om God te ken, toe te lig. Dit is soos die verskil in die manier waarop 'n arbeider sy werkgewer en sy werkgewer se besigheid ken teenoor die wyse waarop 'n kind hierdie selfde persoon en sy besigheid as sy vader ken.

Dit gaan oor die verskil in hoe presies dieselfde God en sy handewerk geken word deur sy arbeiders wat vir Hom werk of deur sy kinders wat saam met Hom woon.

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

In ons landbouomgewing waarvan ons elke dag deel is, word hierdie voorbeeld daaglik voor ons uitgespeel. Arbeiders ken die plaas en die plaaswerk van 'n boer, maar sy kinders ken sy liefde waarin hy hulle elke dag laat deel.

3. Kom ons kyk eers hoe arbeiders hulle werkgewer ken!

Elke arbeider sien en leer elke dag die ondernemingskrag en die wysheid van sy werkgewer, in ons geval 'n boer. Wanneer hy opstaan en die plaas begin aandryf dan begin dinge gebeur. Dan beweeg almal en alles. Wanneer hy wys en sê wat gedoen moet word, dan sien die arbeiders sy wysheid waarmee hy sy besigheid bedryf wat hulle nooit sal hê nie.

Hulle sien sy krag en wysheid in sy ondernemings, sy werke. Die wyse waarop grond ontleed en uitgekies word om by die produk te pas; die wyse waarop hy grond vir aanplantings voorberei; die wyse waarop hy water vind en voorsien; hoe hy plantmateriaal kweek en boorde aanlê; hoe hy hierdie boorde versorg, sy oes ontgin, inbring en bemark.

Hulle sien ook sy ondernemingskrag en wysheid in hoe hy tegniese kragte kry en gebruik in sy ondernemings. Hoe hy trekkers, pompe, implemente, sorteer – en pakmasjiene oprig en bedryf.

In al hierdie ondernemings en tegniese kragte sien hulle hul werkgewer se krag en wysheid in sy bedryf van sy plaas.

4. Die kinders sien dit ook!

Dit is nie so dat die kinders ander ondernemings en ander masjinerie sien en van leer as die arbeiders nie. Hulle is nie besig met ander plase of ander ondernemings as presies dieselfde plaas en ondernemings as die arbeiders nie.

Wat in hierdie boer se werke en masjinerie gesien en geken word, is vir kinders en arbeiders presies op dieselfde wyse kenbaar – die krag en wysheid van hul pa se ondernemings, maar kinders ken iets anders wat arbeiders nooit kan ken nie. Hulle ken die arbeiders se werkgewer as hulle pa. Die pa wat hulle insluit en laat deel in sy liefde vir hulle as sy kinders.

Hierdie liefde wat hulle ken, maak dat in hulle in die boerderybedryf en die masjiene waarmee hierdie bedryf aangevoer word, iets raaksien wat arbeiders nooit kan raaksien nie. Kinders sien dat die liefde wat hul pa vir hulle het, is die liefde waarmee hy met sy plaas besig is. Hulle sien dat hy sy liefde in die plaas insit en dat hy dit met liefde versorg en onderhou. Hulle sien sy krag as liefdevolle krag en sy wysheid as liefdevolle wysheid.

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

Dit is die verskil in die kennis van arbeiders en kinders! Kinders sien die krag en wysheid as liefdevolle krag en liefdevolle wysheid omdat hulle hul pa se liefde ken.

5. Ons moet as gelowiges hierdie ontdekking maak in die apostel Johannes se verklaring in 1 Johannes 4 vers 8: God is liefde!

Hierdie verklaring is 'n verklaring oor God as Skepper soos Johannes dit in sy evangelie in hoofstuk 1 vers 3 stel: "Alles het deur Hom tot stand gekom, ja, nie 'n enkele ding wat bestaan het sonder Hom tot stand gekom nie." Met hierdie verklaring "God is liefde" wys Johannes dat deur die liefde wat hy in Christus leer ken het, hy die hele skepping nou totaal anders sien. Hy sien in elke deel van God se handewerk – God is liefde!

Ons mag nie die hele skepping op ons aangewese te maak asof God sy hele skepping net ter wille van ons bedryf nie. Die liefde wat God vir ons het, is ook die liefde wat Hy vir sy hele skepping het en mee besig is.

Elke skepping van God getuig dat God liefde is, nie net ons as sy kinders nie. Die lewe, die onderhoud vir die lewe goedheid, die orde, die skoonheid waarmee God elke ding maak wys, nou vir Johannes dat God liefde is. In liefde gemaak met liefde om in liefde versorg te word!

Dit is waarvan elke skeppingwerk van die Here getuig:

Elke atoom en molekule

Elke plant en diersel!

Elke lewende organisme van eenselliges, deur insekte heen tot en met die grootstes wat ons ken, die Amerikaanse Rooihout bome en die walvisse.

Alles wys dat God liefde is, want wat Hy maak, maak hy liefdevol, Hy sit sy liefde in, in alles wat Hy maak en bedryf en Hy versorg alles wat Hy maak liefdevol. Sy krag en wysheid is liefdevolle krag en liefdevolle wysheid.

6. Hoe gebeur dit dat kinders van God, ons wat Christene is, in elke en alle skeppingswerk van God die liefde kan raaksien waarmee Hy met sy skepping besig is?

Want ons ken hierdie liefde!

Dit is in en deur hierdie liefde wat Hy ons sy kinders gemaak het. Johannes en Paulus gee dieselfde getuienis oor hoe ons deel is van God se liefde. In Johannes 1 vers 13 stel die apostel: "Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar God is hulle Vader." Die apostel Paulus stel

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

presies dieselfde in Rom. 5 verse 5 – 8 wanneer hy stel dat God sy liefde in ons harte uitgestort het toe ons nog magteloos in ons eie goddeloosheid was.

Wat God, die Vader, Seun en Heilige Gees, met ons gedoen het om ons sy kinders te maak – was 'n skeppingsdaad van God. Met dieselfde krag en wysheid waarmee God sy skepping maak en onderhou, het Hy ons ook sy kinders gemaak. Dit is wat u vanoggend op die Nagmaalstafel sien, tekens wat wys op 'n skeppingsdaad van God – om goddeloses sy kinders te maak, om goddeloses as sy kinders te herskep.

Christus wat as die geliefde Seun die onskuldige en regverdige mens, mens in ons plek word, is 'n skeppingsdaad van God self. Dit verklaar Johannes in die kort en kragte sin: “die Woord het mens geword en onder ons kom woon” Joh. 1: 14 en Paulus met die verklaring: “maar die genade van God en die gawe wat deur die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk.” Rom. 5: 16.

Ons insluiting en verenig met Christus sodat Hy ons skuld is en ons sy onskuld, Hy ons veroordeling is en ons sy heerlikheid, Hy ons vervloeking en verwerping is en ons sy seën en aanneming is, is ook 'n skeppingsdaad van God deur die Heilige Gees. Hierdie skeppingsdaad van God, om ons so sy kinders te maak, maak ons geestesoë oop. Paulus verwoord dit in Efe. 1: 19 so dat deur hierdie skeppingskrag van Christus het Hy uit die dood opgestaan en ons met Hom verenig.

7. Wat ons as kinders van God is, ken ons as die skeppingswerk van God self. Ons is nie kinders van God omdat

- ons met God 'n verhouding aangegaan het nie, of
- omdat ons 'n idee oor God gekry nie of
- oor ons 'n geesteservaring of
- gevoelvolle aandoening met God beleef het nie.

Wat ons as sy kinders is, is ons nie van nature nie, nie deur die drang van 'n predikant, pastoor of priester nie, ook nie deur ons eie geestelike drange nie. Ons is dit nie deur 'n predikant, geestelike, 'n pastoor of ons eie besluit nie. Wie ons as kinders van God is, is ons uit en deur die skeppingskrag, die herskeppingskrag van God self – en hierdie daad van God ken ons as God se liefde vir ons!

Hierdie geloof in wie Hy vir ons as Vader is deur Christus, open ons geestesoë om ook te sien hoe is Hy God vir en met sy skepping! Ons herken die liefde in die wyse waarmee Hy met sy skepping en elke skeppingswerk besig is; hoeveel liefde Hy in elke skepping insit sodat elke skeppingswerk van 'n by tot 'n sonnestelsel volkome is soos God dit in sy liefde as Skepper volkome laat wees. Ons herken in alle beweging van die hele kosmos en elke lewende organisme die liefdevolheid

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

waarmee Hy alles onderhou en versorg. Want dit is die liefde waardeur Hy ons sy kinders laat wees.

8. Dit kan arbeiders nooit raaksien in die krag en wysheid waarmee 'n boer sy masjinerie gebruik en sy onderneming mee aandryf nie. Hulle kan nooit die liefde in hierdie krag en wysheid herken nie, want hulle self is nie deel van hierdie liefde van God die Vader nie.

Hulle sien nie die liefde wat God vir sy skeppingswerk het nie, nog minder die liefde waarmee Hy besig is om sy skeppingsmasjinerie te gebruik. Wanneer hulle sy krag en wysheid sien, sien hulle totaal iets anders raak as sy liefde. Wat hulle raaksien, sien ons in die ongelooflike dwaasheid van godsbeelde. Elke keer wanneer hulle God se krag en wysheid in sy skeppingsbedryf raaksien, maak hulle vir hulself godsbeelde op van God.

Wat maak hulle met hierdie godsbeelde, beelde van idees, ervarings en aanvoelings oor God? Dit sien u elke dag raak met die drif van arbeiders op plase. Wat sien arbeiders in die krag en wysheid van 'n boer? Hulle identifiseer hul self met die krag en eiendom van die boer. Hulle wil sy krag eien as hulle krag, sy wysheid as hulle wysheid en sy eiendom as hulle eiendom. Omdat hulle hul met sy krag en wysheid vereenselwig, sien hulle die plaas as hul eie plaas. Hulle sien boorde, oeste en implemente wat hulle wil as hulle eie wil vat. Die wyse waarop hulle dit doen is om met sy krag en eiendom te identifiseer.

9. Dit is die geestelikheid van hierdie goddelose wêreld. Ek gaan vir u in hierdie preekreeks elke keer op die twee uiteenlopende kante van hierdie geestelikheid wys – geestelikes en intellektueles. Met intellektueles bedoel ons die slimigheid van die wêreld wat iets anders is as die wetenskap. Wetenskap gaan oor die kennis van God se skepping. Slimigheid gaan oor hoe mense met die skyn van wetenskap hul self met die krag en wysheid van God wil vereenselwig.

Het u al gehoor wat is die trefwoord en slagkreet van die geestelikheid van hierdie wêreld? Ook wanneer hulle dit wil voorleef asof dit die Christelike geloof is? Die woord is krag! Die slagspreuk is om deel te word van die krag van God! Jy moet God se krag kry en met God se krag vervul word!

Dit is wat predikante, pastore, priesters en geestelikes almal voorhou: jy moet met God se krag vervul word!

Kan u sien wat se geestelikheid is hierdie? Hulle sien die krag en wysheid van God in sy skeppingswerke raak en wat maak hulle dan met hierdie kennis van die krag en wysheid van God? Hulle wil hierdie krag en wysheid as hulle eie krag en wysheid ervaar!

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

Die hele moderne Christelikheid is 'n geestesbedryf wat jou die tegnieke wil aanleer hoe om God se krag, God se wysheid, God se lewe, God se drome, God se raadsplan en God se wil te ervaar as jou eie krag, wysheid, lewe, drome en plan van jou lewe. Met hierdie geestelike bedryf, om deel van die krag van God te word, kan jy dan sommer die beheer en eienaarskap van God se skepping oorneem omdat jy nou sogenaamd die outoriteit het van God se koninkryk.

Hulle sien nie Jesus is die Skepper in sy wondertekens in die evangelies nie. Hulle sien God se krag en wil ook hierdie krag van God in hulle lewe kry om soos Jesus wonderwerke te doen, te doen wat net God kan doen.

Met hierdie vereenselwiging van God se krag en wysheid in hulle lewe, wil hulle dan ook sommer hul eie geestelike verstaan van die skepping en skeppingswerk van God opmaak asof hulle geestelikheid hulle 'n meerdere kennis van God se skeppingswerk gee. Uit die Bybel maak hulle dan sommer hul eie kennis van God se skepping op terwyl hulle die kennis wat God aan alle mense oor sy handwerk laat gee, verwerp. Wat sien hulle in die skeppingswerk van God? Die krag en wysheid van God wat hulle as hulle eie krag binne in hulle wil ervaar!

10. Dit verskil niks van die slimigheid van hierdie goddelose wêreld nie. Goddeloses maak God se masjinerie waarmee God sy skeppingswerke bedryf en sy skepping aandryf hul eie kragte.

Dit is soos met 'n arbeider op 'n trekker. Dit is die boer se masjien. Hy leer die arbeider hoe om sy masjien te gebruik, maar die oomblik as hy kan trekkerdryf dan kry hy die houding dit is nou sy trekker en hy bestuur dit met die kragdadigheid en vertonerigheid dat hierdie trekker se krag is sy eie krag.

So eien die slimmes met hulle slimigheid vir hulle die krag van God se skepping toe met die kragdadigheid en vertonerigheid dat dit hul krag en wysheid is en op die ou end dat dit hulle skepping is.

- Die Here se krag om lewe te skep en te onderhou, eien hulle self toe asof dit net genetika is en dat die kennis en bestuur van genetika hul eie krag en wysheid is.
- Die Here se atoomkrag waarmee die Here sy heelal vorm en bestuur, eien hulle hulself toe as hul krag en mag vir hulle eie kragdadigheid.
- Die Here se genesingskrag wat Hy opgesluit in die sy skeppingswerke eien hulle vir hulself toe as hul eie wysheid en eie krag om selfgenoegsaam van God die sorg van God te leef.
- Die magnetiese en elektriese krag waarmee God sy skepping bestuur, eien hulle vir hulself toe as kragte en magte om hulle onafhanklikheid teenoor God te bewys.

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

Net soos arbeiders! Hulle eien die masjiene van 'n boer toe asof dit hul eie is om hul kragdadigheid te vertoon in plaas daarvan om hulle werk te doen en op die ou end eis hulle die plaas op asof dit hul eiendom nog al die jare was.

11. Geestelikes en slimmes probeer God se krag en wysheid elke keer hul eie krag en wysheid maak met hul godsbeelde wat hulle opmaak uit die kennis van sy skeppingswerke.

Wat maak ons as kinders van God met hierdie kennis? Want die Here wys vir ons as sy kinders net soos vir elke ander mens in die skepping in sy skeppingswerke sy krag en heerlikheid.

Paulus wys dat hulle wat ingesluit is en deel is van God se liefde, roep Hom aan as Vader. (Gal. 4: 6) Dit beteken ons het Hom lief en ons vertrou Hom vir sy liefde. Die apostel Johannes tel dit so: "Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde" (1 Joh. 4: 8) God se liefde vir ons as sy kinders, maak dat ons Hom liefhet vir wie Hy is en wat Hy doen. Dit is wat ons met ons kennis van God se krag en wysheid uit sy skeppingswerk maak – ons het God lief vir sy krag en wysheid en ons eer Hom vir die liefde waarmee Hy skep en sy skeppingsbedryf.

Deur die liefde wat Hy in ons harte uitgestort het, ken en sien ons die liefde waarmee God besig is met sy skepping. In ons herskepping deur sy liefde herken ons sy liefde in sy skepping. Ons begeer nie om deel van God se krag en wysheid te wees wanneer ons sien met watter krag en wysheid Hy met sy skepping besig is nie. Ons het Hom lief vir die kragvolle liefde waarmee Hy sy skepping maak, bestuur en onderhou.

Ons eer Hom vir die liefde wat ons weet en raaksien waarmee Hy met sy skepping besig is. Want elke deel van sy handewerk getuig van hoeveel liefde God in sy skeppingswerk insit. Hoe God elke organisme volkome laat wees. Elke skepping getuig van die liefdevolle wysheid van God ons Vader.

Dit is hoe ons die skepping totaal anders as goddeloses en geestelikes raaksien, dit gaan oor die verskil om liefde te ken, te herken en te eer teenoor om God se krag as jou eie krag te wil hê. Waar hulle deel van God se krag en wysheid wil wees, wil ons God eer vir die liefde waarin Hy met sy skepping besig is. Hulle kan krag en wysheid raaksien net om dit te begeer en op te eis. Ons kan die liefde raaksien waarmee God met elke handewerk van Hom besig is, van 'n by tot 'n melkweg, want ons ken sy liefde as God ons Vader in Christus.

12. Die nagmaal wys vir ons vanoggend die onderskeid tussen God se arbeiders en God se kinders. Arbeiders en kinders ken God vir sy krag en wysheid waarmee Hy alles maak, bestuur en onderhou. Ons het nie spesiale kennis van God se skepping wat ander mense nie het nie. Ons kan en mag nie die Bybel so gebruik dat ons

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

vertonerig en kragdadig wil wys ons 'n hoëre of beter kennis van God se skepping as ongelowiges en goddeloses het nie.

Wat ons anders ken, wys in die tekens van die nagmaal vanoggend!

Ons ken nie sy skeppingswerke op 'n ander manier as ander mense nie. Ons ken sy liefde omdat Hy ons in hierdie liefde ingesluit het en laat deel.

God het deur sy krag as Skepper ons verenig met wie die Here vandag as mens in die hemel is, sodat ons deel is van sy straf, vervloeking en verwerping aan die kruis. Hy het deur sy skeppingskrag ons verenig met wie Christus as mens vandag in die hemel is, sodat ons in hierdie eenheid vanoggend saam met Christus vir die Vader heilig, onskuldig, sonder smet en regverdig is.

Neem hierde teken op sodat u gesterk kan word in die geloof dat God só ons in sy liefde laat deel. Ontdek in hierdie liefde dat God sy skepping liefhet en in en met liefde besig is om sy hele skepping te maak, bestuur en te onderhou. Sien sy liefde in elke skeppingswerk! Want dit is wat kinders van hulle Vader sien in sy bedryf van sy skeppingswerk.

Ons begeer en sug nie om sy krag en wysheid ons eie krag en wysheid te maak nie. Ons eer Hom vir sy krag en wysheid en het Hom lief vir sy liefdevolle krag en liefdevolle wysheid.

13. Kom ons sluit af met twee uitsprake in die Bergrede in Matteus 6 van die Here waarin Hy sy liefde vir sy skepping openbaar!

Hier stel die Here dat ons na die wilde voëls moet kyk, dat hulle nie saai, oes of kos in skure bymekaar maak nie, maar versorg is omdat ons hemelse Vader vir hulle sorg. Liefdevolle sorg vir sy skepping! Dit is wat gelowiges in voëls in die skepping moet raaksien. Hoekom, want hulle kan die liefde wat die hemelse Vader vir hulle as sy kinders het, ook herken in die liefdevolle sorg wat God vir sy skepping het. God het sy skepping lief!

Die Here stel ook dat ons na veldlelies moet kyk en moet sien hoe uitsonderlik hulle versier is deur God. Ons het al veral in die logika dat alles in die skepping een of ander funksionaliteit moet hê. Hier stel die Here dat die skoonheid van sy skepping, is sy liefde. Hy maak dit mooi omdat Hy lief is daarvoor. Liefdevolle kunstigheid ingebed in sy handewerk!

Ons kan hierdie skoonheid herken in die skoonheid waarmee Hy ons liggaam in sy liefde bekleed!

God openbaar sy skeppingskrag aan almal maar Hy deel sy liefde net met sy kinders

Kom ons herken in sy liefde vir ons in Christus weer hoe lief Hy sy skepping het.
Kom ons sien in elke blom, elke insek, elke plant, elke dier, elke planeet,
sonnestelsel, melkweg en galaksie met hoeveel liefde God sy skepping maak,
bestuur en onderhou. Hierdie geloofsinsig onderskei ons van hulle wat soek om
bemagtig te word met krag en wysheid.

God is liefde!